

Publication: Burger,Die(Wes-Kaap) (Forum)
Publication Date: 02 Aug 2017
Page: 11

AVE: 19328.21
Circulation: 41700
Part: 1 of 1

# Seksisme moet beveg word soos rassisme

**Godsdiens Aktueel**
Nico Koopman



So vurig soos ons rassisme beveg, moet ons ook onreg en diskriminasie op grond van geslag bestry.

Net soos met rassisme sou ons drie dimensies van seksisme kon onderskei: prentjies en vooroordele, samelewingstrukture en lewensbeskouings.

Seksistiese prentjies verwys na die onderbewuste gesindheid, voorveronderstellinge en vooroordele wat vroue as minderwaardig beskou op grond van intellek, leierskap, besluitnemingsvermoë, rasionaliteit, voorspelbaarheid en selfs moraliteit en godsdienstigheid.

Soos met rassisme is 'n mens erg geskok as jy ou literatuur lees wat hierdie prentjies weerspieël, volgens sommige 'n wesenlike deel van die institusionele kultuur van organisasies. Dit word in samelewingstrukture in onder meer wette, beleide, besluite, gedrag en handelinge beliggaam.

> **Mense gebruik nog die Bybel om manlike heerskappy en vroulike onderdanigheid te regverdig.**

Dit besoedel strukture in die mees intieme lewensverbande soos die huwelik en gesin, en in die openbare sfere, soos die politiek, ekonomie en burgerlike samelewing, asook openbare gesprekvoering en openbare meningsvorming.

In sommige godsdienstige en sekulêre tradisies word hierdie prentjies en strukture nog goedgepraat.

Dis verstommend dat mense wat hulle op die Bybel beroep om rassisme te bestry, dikwels dieselfde Bybel gebruik om die prentjie van manlike heerskappy en vroulike onderdanigheid te regverdig.

Drie praktyke is noodsaaklik om seksisme te oorkom: bewusmaking, organisering en mobilisering.

Op 'n bewuste vlak kan jy sê jy is nie seksisties nie, en dat jy daarteen gekant is, maar op 'n onderbewuste vlak kan dit tog in jou teenwoordig wees.

Ware bewusmaking en bevryding word ervaar wanneer ons leer om empaties te luister na veral vrouestemme om van die onderbewuste prentjies van vooroordeel bewus te word.

In die tweede plek moet ons onder leiding van vroue krities kyk na ons samelewingstrukture, soos 'n vroueprofessor in die teologie wat op 'n keer gesê het teologiefakulteite het steeds te min toiletgeriewe vir vroue.

Daardie gebrek weerspieël die eeue oue uitsluiting van vroue uit die teologie.

Vroue help ons om op alle lewensterreine die beperkinge in ons besluite en beleide raak te sien, en om te sien hoe die diskriminerende toepassing van beleide geslagsonreg voed.

Derdens moet ons mobiliseer en godsdienstige en sekulêre argumente ten gunste van seksisme ontmasker en beveg.

Dikwels word Bybelse tekste in die uitleg daarvan vermink. Sulke verminkte tekste lei in baie gevalle tot die verminking van vroue.

■ **Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.**

PEAR
This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.
DALRO
DRAMATIC ARTISTIC and LITERARY RIGHTS ORGANISATION (Pty) LIMITED